DIE WEG CHRISTELIKE GEMEENTE

SLEUTELS OM JOU ROEPING UIT TE LEEF

Opgestel deur: Pastoor Johan Putter

Datum: 20 Desember 2015

Plek: Nelspruit

SLEUTELS OM JOU ROEPING UIT TE LEEF

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING.....3

PERSPEKTIEF OOR ROEPING 4

WIE IS JOSHUA? 4

SLEUTELS KOM OM ONS ROEPING UIT TE LEEF 10

AFSLUITING 11

SLEUTELS OM JOU ROEPING UIT TE LEEF

INLEIDING

Die tema vir ons preek vandag is: Sleutels om jou roeping uit te leef.

God soos in die Bybel aan ons geopenbaar, is aktief op aarde. Hy hou Sy skepping in stand. Hy reik uit na al Sy kinders op aarde en is besig met ‘n restourasie proses in hulle lewens. Elkeen van ons het ‘n getuienis dat God deur Sy Heilige Gees, met ons besig is. Baie van ons is in die bevoorregte posisie om te beleef hoe God in ander kinders van Hom, werk.

God is egter nie alleen met die uitreik aksie besig nie. Hy gebruik ook mense soos u en ek.

Dit is wanneer ons as gelowiges by die werk van God op aarde betrokke raak, dat ons in ons roeping in beweeg.

Die vraag wat ons vanoggend gaan bespreek is: Hoe kom ek as ‘n gelowige op die plek waar God my kan gebruik en ek dus in my roeping staan?

Ons dink dat daar sekere sleutels is wat as ek dit gebruik, dit my kan help om in my roeping in te beweeg.

Die doel van die preek vandag is om hierdie sleutels met u te deel. Mag dit u help om die karakter en beeld van Jesus meer en meer in u lewens te weerkaats. Mag u goeie dade tot eer van Jesus Christus en tot opbou van God se Koningkryk doen!

Om by die sleutels oor hoe in u roeping te kom en dit uit leef te kom, gaan ons vandag daarop let, hoe ‘n bekende figuur in die Bybel, sy lewensroeping uitgeleef het.

Na my beskeie mening, kan ons sekere lesse uit hierdie persoon se lewe leer en op ons lewens van toepassing maak. Dit behoort u en my te help, om in ons lewensroeping te leef.

Ons gaan vanoggend na die lewe van Joshua kyk. Ek gaan kortliks vir u agtergrond gee oor waar Joshua vandaan kom en hoe sy lewe verloop het.

Ons gaan dan kyk wat ons uit hierdie man se lewe kan leer, sodat ons ook ons roeping wat God vir ons het, kan uitleef.

Alvorens ons by ‘n studie oor Joshua uitkom, wil ek net eers sekere perspektiewe oor roeping met u deel.

PERSPEKTIEF OOR ROEPING

Ons ontvang nie ‘n roeping van God met geestelike gawes om dan uit te gaan en ‘n verskil vir God se Koninkryk te maak soos ons goeddunk nie.

Roeping beteken nie dat ek ‘n bediening ontvang en nou ‘n belangrike persoon is nie.

Die oomblik as die uitvoering van my roeping, om my gaan en ek voordeel en eer ontvang, is daar waarskynlik ‘n probleem.

Roeping beteken dat ek met my lewe, by God se plan inskakel. God is met sekere inisiatiewe in Nelspruit besig. U en ek is in ons roeping as ons met God meewerk om God se doelwitte in Nelspruit te bereik.

Die doel van roeping is om by aktiwiteite betrokke te raak waar Jesus Christus verheerlik en God se Koninkryk uitgebou word.

Ons gaan nou op die lewe van Joshua let. Ek gaan gedeeltes van sy lewe bespreek en dan op ons lewens van toepassing maak. So sal ons voortgaan totdat ons by sy afsterwe kom.

WIE IS JOSHUA?

Die man wat ons vandag as Joshua ken, is ongeveer 1355 jaar VC in die provinsie Goosen in die land Egipte, gebore.

Sy pa se naam was Nun. Hy was ‘n Hebreër van die stam Efriam. Dit was in die tydperk toe die Hebreërs as slawe vir die Egiptenare gewerk het. Dit was ‘n baie moeilike tyd in die Hebreërs se geskiedenis. Die volk het in hulle nood na die God van Abraham geroep om hulle te red.

Joshua se aanvanklike naam was Hawšēʿ Dit beteken (Oh Save!), want dit was deel van die volk se uitroep dat God hulle moet help.

Hawšē het saam met sy volksgenote onder leiding van Moses, uit Egipte vertrek.

Hawšē was ‘n toegewyde gelowige. In Eksodus 24:13 lees ons dat hy saam met Moses op die berg Sinai was toe God die tien gebooie aan Moses gegee het.

Ons lees in Exodus 17:8-16 en Numeri 13:16 dat die volk terwyl hulle in die woestyn by Kadesh was, deur die Amalekiete aangeval was. Die Amalekiete was ‘n nomadiese woestyn volk wat gevrees was omdat hulle klaarblyklik oorlogsugtig en wreed was.

Hawšē was een van die soldate wat Israel teen die Amalakiete moes verdedig.

Tydens hierdie gebeure het ‘n baie interresante ding gebeur. Moses het vir Hawšē ‘n nuwe naam gegee. Sy naam is na Yahwšū, verander. (Numeri 13:16 en Exodus 17:8-16)

Joshua is die vertaling van Yahwšū, wat beteken; (Yahweh is salvation oftewel, Yahweh is my Redder.) Die naam Joshua is ‘n geloofsverklaring. God is my Redder.

Die jong man Joshua is met sy geloofsverklaring naam in ‘n oorlog in. Ek dink dit het nogal sy geloof getoets. Ons sal in die res van Joshua se lewe, sien dat hy absoluut in die geloof geleef het.

Joshua se naam is verander, soos Abraham en Jacob se name verander is. Het u geweet dat God die Heilige Gees vandag nog name verander? Het u geweet dat u vir God kan vra wat u naam is? Die naam wat God aan u gee, is ‘n aanduiding van die roeping wat God vir u in gedagte het. Ek het vir God gevra wat my naam is en Hy het my geantwoord. My naam is Lamech.

Kom ons keer terug na die verhaal van Joshua. Ons lees in Num 13–14 dat Moses twaalf spioene gekies het om die beloofde land te gaan verken. Joshua was een van hierdie manne.

Hierdie twaalf spioene gaan verken toe die beloofde land en het aan Moses verslag gedoen.

Die feite is die volgende:

1. Dit is waarlik ‘n land van melk en heuning.
2. Daar is reuse wat in die land woon.
3. Daar is versterkte stede.

Gegrond op die feite, sê tien van die spioene dat Israel nie die militêre vermoë het om die land in besit te neem nie. Hulle moet dus nie poog om oor die Jordaan rivier te trek en die volke te gaan uitwis nie. U moet onthou dat Israel op daardie stadium reeds land besit het.

Ek dink een van die ouens het ook waarskynlik gesê, hoekom wil ons ons mense se lewens in gevaar stel, kom ons bly liewer net hier.

Twee van die spioene naamlik Joshua en Kaleb, sê dat alhoewel die feite korrek is, moet die Israeliete onthou dat God vir hulle gesê het dat Hy die land aan hulle sal gee. Omdat

God so gesê het, kan hulle gaan oorlog maak, want hulle sal die oorwinning behaal, al sê die feite wat die spioene ingesamel het, anders.

In hierdie verhaal lê daar vir ons almal ‘n groot stuk waarheid wat ons almal elke dag in ons lewens kan gebruik. Feite en die waarheid is nie noodwendig dieselfde ding nie.

Feite is gebaseer op korrekte inligting wat ons insamel en korrekte gevolgtrekkings wat ons maak. Die waarheid is wat God se opinie oor die inligting is.

Die les is dat u en ek, altyd dieselfde moet doen as wat Joshua en Kaleb gedoen het. Kom ons kry die feite, en dan hoor ons wat is God se opinie daaroor. Kom ons handel dan volgens God se opinie. Dit is ‘n lewe in die geloof.

Kom ons begin deur Suid Afrika voor God te bring. Die feite is dat ons binne die volgende drie jaar op ‘n rewolusie afstuur. Maar wat is die waarheid? Kom ons hoor by God wat die waarheid is en kom ons leef dan daarvolgens. As ons dit nie doen nie en volgens die feite gaan leef, gaan ons dalk die ekwalent van Israel se 40 jaar in die woestyn ervaar.....

Kom ons keer terug na die verhaal van Joshua. Na die verslag van die spioene, glo Israel die meerderheidsverslag. Die gevolg is dat hulle veertig jaar in die woestyn moes deurbring as straf vir hulle ongeloof.

Wat is die lesse wat ons hier kan leer?

- Alhoewel Joshua nie met die volk saamgestem het nie, moes hy die straf saam met hulle verduur. Dit kan vandag ook met u en my gebeur. Jy is deel van ‘n familie of ‘n besigheid. Iemand maak droog en jy betaal saam aan die prys.
- Joshua het veertig jaar in die woestyn rondgedwaal. Kan ons nou sê hy sy roeping gemis het? Ek dink nie so nie. Dit kan vandag ook met u gebeur. God het ‘n plan met u, maar iets kan gebeur wat veroorsaak dat u ook ‘n draai in die woestyn gaan maak. U woestyn is dalk ‘n siekte of iets dergliks. Indien u daar is, moet net nie moed verloor nie. Kan ons sê dat Joshua in sy veertig jaar in die woestyn, steeds sy roeping uitgeleef het? Ek dink so ja. U roeping is nie om eendag iets spesifieks vir God te doen nie. Dit kan so wees, maar roeping is baie meer. Roeping is om elke dag in God se wil te wees. Roeping is om elke dag in die geloof te leef. Roeping is om elke dag uit dankbaarheid vir wat Jesus aan die kruis vir u en my gedoen het, goeie dade te doen. Roeping my broer en suster, is ‘n gesindheid. Dit is uit jou gesindheid, wat God jou gebruik.

Kom ons keer terug na die verhaal van Joshua. Die veertig jaar is verby en die volk is naby die Jordaan rivier. Volgens sekere Bybelse bronne was Joshua op daardie stadium tagtig jaar oud. Daar gebeur toe 'n wonderlike ding met Joshua. God tree met hom in gesprek. Ons lees daarvan in Joshua 1:1-9

JOSHUA 1: 1-9

"*After the death of Moses the servant of the Lord, the Lord said to Joshua son of Nun, Moses' aide: "Moses my servant is dead. Now then, you and all these people, get ready to cross the Jordan River into the land I am about to give to them—to the Israelites. I will give you every place where you set your foot, as I promised Moses. Your territory will extend from the desert to Lebanon, and from the great river, the Euphrates—all the Hittite country—to the Mediterranean Sea in the west. No one will be able to stand against you all the days of your life. As I was with Moses, so I will be with you; I will never leave you nor forsake you. Be strong and courageous, because* ***you will lead*** *these people to inherit the land I swore to their ancestors to give them."*

God het vir Joshua aangestel as die nuwe leier van Israel. Hier is egter drie belangrike lesse wat ons kan leer.

- Eerstens, Joshua het in so 'n nabye verhouding met God geleef, dat hy God gehoor het toe God met hom praat. Hierdie nabye verhouding met God, is ons eerste sleutel om in ons roeping te leef.

  U moet weet dat God vandag met u kan gesels soos wat hy 3000 jaar gelede met Joshua gesels het. God kan vanaand in 'n droom met jou kommunikeer en sê my kind, ek het 'n taak vir jou. Hierdie taak is deel van 'n groter plan wat God het om Sy doelwitte in Nelspruit te bereik. God het dit byvoorbeeld met my gedoen, toe Hy vir my gesê het om hierdie gemeente te begin.

- Tweedens, Joshua is nie aangestel om as leier van Israel, sy eie ding te doen nie. Hy is aangestel om mee te werk om God se doelwitte naamlik om vir Israel 'n land te gee, te bereik.

- Derdens, Joshua is nie as priester aangestel nie, maar as militere/politieke leier. Ons maak so maklik die fout om te dink dat ons roeping suiwer geestelik van aard moet wees.

Reg, Joshua is deur God aangestel om Israel in die beloofde land te lei. Wat het toe vir Joshua begin? Groot moeilikheid en baie probleme.

Hy moes ander mense se land gaan vat en hulle wil dit nie net vir hom gee nie. Hy moet die volk deur ‘n vol Jordaan rivier lei om in die beloofde land te kom. Hoe gaan hy hierdie probleem oplos?

My broer en suster, as God vir jou ‘n taak gee, is dit meestal nie iets makliks nie. Daar is ‘n baie toepaslike Engelse spreekwoord. “*If the vision does’nt scare you, it is probable not from God.”*

Wat het Joshua toe gedoen nadat God met Hom gepraat het? Het Hy gaan sit en gesê, Ok God, ek wag op u.

Nee, Joshua het twee dinge gedoen en hier lê die grootste les vir ons almal in.

Eerstens, Joshua het sy verstand en ervaring as ‘n militêre leier gebruik. Hy het spioene na die eerste stad gestuur wat hulle wou binneval naamlik Jericho. Net soos Joshua, moet u en ek, die kundigheid en ervaring waaroor ons beskik, gebruik om God se opdragte uit te voer.

Tweedens, het Joshua ‘n geloofsverklaring gemaak. As ‘n mens dit doen, kan interessante dinge gebeur.

Die spioene het vanaf Jericho teruggekeer en aan Joshua verslag gedoen. Joshua doen toe ‘n interessante ding. Hy verklaar verbaal die volgende: *“Die Here gee die hele land oor in ons mag.”* (Joshua 2: 24) Dit is ‘n geloofsverklaring. U en ek, behoort ook geloofsverklarings te maak. Die nuutste navorsing wat oor klank gedoen is, dui daarop dat realiteit uit klank kan ontstaan. Is dit dalk hoekom die skepping tot stand gekom het nadat God gespreek het? Is dit dalk hoekom die Bybel leer dat ons moet let op wat ons sê ?

Het Joshua dalk die belangrikheid van wat mens spreek, besef? Ek weet nie, maar hy het ‘n ander baie interresante ding gedoen. Nadat Jericho verwoes was, het hy ‘n vloek uitgespreek. Hy het verklaar dat die man wat ooit gaan poog om Jericho te herbou, met die grondlegging sy oudste seun gaan verloor. Wanneer die stadsdeur ingesit word, sal sy jongste seun sterf. (Joshua 6:26)

Honderde jare later toe Koning Agab in Israel geheers het, het ene Hiel die stad Jericho herbou. Sy oudste seun Abiram en jongste seun Segub het gesterf, presies volgens die vloek wat Joshua uitgespreek het. (1 Konings 16:34)

Kan u en ek vandag nog vloeke uitspreek? Ja. As u verklaar Zuma is “useless”, wat doen u?

Kom ons keer terug na Joshua; hy het ‘n derde ding gedoen wat u en ek, gerus ook kan doen. Hoewel hy sy verstand en miltere kundigheid gebruik het, was hy steeds van God afhanklik en het Hy na God geluister.

Nadat die spioene teruggekeer het, besluit Joshua dat die volk die Jordaan rivier moet kruis. Hoe gaan hy dit doen? Want die rivier is in vloed. Hy het by God gehoor hoe om dit te doen. God het twee dinge vir Joshua gesê ;

Die eerste ding was ‘n boodskap wat hy aan die volk gaan oordra het. Ons lees daarvan in Joshua 3:5 “*Reinig julle want more gaan die Here wonders doen tussen julle*

Kan ons vandag nog onrein raak? Ek dink so. Sekere sonde soos onsedelikheid en okkultiese betrokkenheid kan ons geestelik onrein maak. Net soos in die Ou Testament, kan ons onreinheid veroorsaak dat God nie wonderwerke in ons midde doen nie. Die goeie nuus is dat ons van ons onreinheid ontslae kan raak. Ons kan dit doen deur Jesus Christus vergifnis te vra vir ons sondes.

Tweedens het Joshua op grond van wat hy by God gehoor het, vir die priesters sekere opdragte gegee.

Israel en die priesters het Joshua se opdragte uitgevoer en God het ‘n wonderwerk gedoen sodat Israel deur die Jordaan rivier kon gaan.

God het daarna ook spesifieke opdragte vir Joshua gegee oor wat Israel moes doen om Jericho in te neem.

U en ek moet besef dat God steeds spesifieke opdragte kan gee. God kan vanaand met jou praat en vir jou duidelike opdragte gee oor wat om te doen. Met die stigting van ons gemeente, het God sekere detail soos die naam van die gemeente en die datum waarop dit gestig moes word, gegee.

Wat dink u, kan jy God se opdragte uitvoer en dan loop dinge skeef en is jou poging ‘n totale mislukking? Ja, Joshua het hierdie les ook geleer.

Joshua het opdrag gegee dat die dorp Ai, aangeval moes word. Die aanval was ‘n mislukking. Hulle het 36 man verloor en moes vlug. Hoekom het Joshua misluk? Daar was sonde in die volk. Een van die volksgenote Achan het gierig geword en eiendom onwettig vir homself toege-eien. Hierdie probleem moes eers reggestel word, alvorens die volk verder kon gaan om die beloofde land in te neem.

Kan so-iets vandag nog gebeur? Ek dink so ja. Byvoorbeeld ‘n gemeente wat op geestelike vlak probeer werk, kan minder suksesvol wees as daar gemeentelede is wat in sonde bly leef en dit nie bely nie.

Joshua moes waarskynlik ‘n baie moeilike besluit neem om die probleem wat Achan veroorsaak het, op te los. Hy moes opdrag gee dat Achan, sy familie asook sy diere, met klippe doodgegooi moes word. Netso moet u ook soms bereid wees om moeilike besluite te neem.

Joshua het voortgegaan om sy eie kundigheid aan te wend en na God te luister en op hierdie wyse oor ‘n tydperk van dertig jaar, die hele beloofde land in te neem.

Hy het op die ouderdom van 110 jaar gesterf.

Dit is dan die verhaal van Joshua. Hy het sy roeping uitgeleef en omdat hy aan God gehoorsaam was, dinge gedoen wat tot in ewigheid weerklank vind.

Wat kan ons uit die lewe van Joshua leer oor hoe om in ons roeping te leef?

SLEUTELS KOM OM ONS ROEPING UIT TE LEEF

Gebaseer op Josua se lewe, meen ons dat die sleutels om jou roeping in Christus uit te leef, die volgende is;

1. Eerstens; Leef in ‘n noue verhouding met God die Vader, God die Seun Jesus Christus en God die Heilige Gees. Jou roeping vloei hieruit voort.
2. Tweedens; Beskikbaarheid. Wees altyd beskikbaar om te doen soos God jou lei.
3. Derdens; Gehoorsaamheid. Wees aan God gehoorsaam.
4. Vierdens; Dapperheid. Om sekere dinge vir God te doen, kan moeilik wees en mens kan seerkry.
5. Vydens; Lewe in die geloof. As God vir jou ‘n ding gesê het, doen dit, al lyk die feite anders.

Dit dan, is die vyf sleutels om jou roeping in Jesus uit te leef.

AFSLUITING

Roeping is nie om eendag iets spesifieks vir God te doen nie. Dit kan so wees, maar roeping is baie meer. Roeping is om elke dag in God se wil te wees. Roeping is om elke dag in die geloof te leef. Roeping is om elke dag uit dankbaarheid vir wat Jesus aan die kruis vir u en my gedoen het, goeie dade te doen. Roeping is nie om my eie ding te doen nie, maar om saam met God te werk om Sy planne uit te voer. Roeping is om Jesus Christus deur jou lewe te verheerlik en God se Koninkryk uit te bou.

Wat is die vyf sleutels om in ons roeping te leef? Verhouding, geloof, gewilligheid, gehoorsaamheid en dapperheid.

Mag elkeen van u, elke dag in u roeping leef!

AMEN